

ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JUNIE 2019

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdlik ontvang het, stel asseblief die versender by hsagenquiries@gmail.com onmiddellik hiervan in kennis en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – JUNIE 2019 WEERGAWE INHOUD:

1. INLEIDING
2. IS U IN OF IS U UIT?
3. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PIC-BELEGGINGS
4. HUIDIGE STAND VAN SAKE:
 - 4.1 Versnelde Sertifikasie Aansoek (HS 21 & 22)
 - 4.2 Beleggers met eise in HS 15 tot 20
 - 4.3 Aansoek om as vriend van die Hof toe te tree in die Noormahomed Appèl Aansoek
 - 4.4 Aansoek om Tussenbeidetrede
5. WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN 'N KLAS EN KLAS-AKSIE?
6. WAT GEBEUR NA SERTIFIKASIE VAN HS 21 & 22?
7. BELANGRIKE DATUMS
8. OPVRAGING VIR BYDRAE TOT REGS- EN ADMINISTRASIEKOSTE – 2019
9. ALGEMENE BOEDEL NAVRAE
10. OPSKORTING VAN HSAG-LIDMAATSKAP
11. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS
12. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE
13. SPESIALE OPVRAGING: HS 21 & 22
14. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE
15. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

1. INLEIDING

Die HSAG-regspan is volstoom aan die werk om HSAG-beleggers se belange te beskerm!

Daar heers 'n gevoel van opgewondenheid oor dit wat voorlê, veral in die lig van die feit dat die Adjunk-regter-president in die Hooggeregshof in Pretoria op versoek van Regter Tolmay, die Saakbestuurder in Pretoria, 'n voorkeurdatum aan die HSAG gegee het waarop die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 aangehoor sal word.

Die HSAG het voorheen berig dat die wiel van geregtigheid stadig, maar seker draai. Na bykans 4 jaar se harde werk en na verskeie aanslae van die teenkant, word die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 vanaf 11 tot 15 November 2019 gereserveer!

Indien die HSAG suksesvol sou wees, sal dit beteken dat daar 'n klas gesertifiseer word vir HS21&22 beleggers en sal die HSAG kan voortgaan om die beleggers se kontraktuele eise teen Georgiou en Andere af te dwing.

Die aanhoor van hierdie Aansoek sal 'n geweldige positiewe invloed hê (indien die HSAG suksesvol sou wees) op al die ander HS-maatskappye, aangesien dit sal bewys dat die Hof oortuig is dat die Eisers in die klas-aksie as 'n klas 'n eis het teen Georgiou en Andere.

Dit is gevolglik nou die tyd om al u gewig agter die HSAG en sy regspan in te gooi en te ondersteun.

2. IS U IN OF IS U UIT?

Die HSAG is besig om hul te staal vir die bring van die eerste sertifiserings-aansoek. Dit sal behels dat diegene, wie nie binne die gesertifiseerde klas val nie, hetsy uitdruklik, stilswyend of deur hul gedrag, nie deel daarvan kan wees nie.

Die HSAG bestuur, in oorleg met hul regsverteenvoerders, is tans besig om te oorweeg wat die vereistes vir die huidige "opt-out" bedeling moet wees.

Die sertifisering van die "klas" behels dat 'n sekere "klas" persone beskryf en erken word, en dat lede wie onder die unieke beskrywing van die klas val, dus deel is van diegene wie kan voordeel trek uit die uitkoms van die klas-aksie.

Die huidige Kennisgewing van Mosie ten aansien van die sertifisering van 'n klas-aksie maak voorsiening vir 'n "opt-out" bedeling.

Die "opt-out" bedeling beteken dat, waar 'n Hof 'n klas sertifiseer, al die lede van die klas outomaties ingesluit word as eisers in die klas en hul moet dus uitdruklik kennis gee indien hul nie onder die klas ingesluit wil wees nie. Dit vereis dus positiewe of negatiewe optrede vanaf diegene wie nie deel wil wees van die klas nie.

Indien 'n lid nie deel vorm van die klas nie sal hy/sy nie geregtig wees op enige eisbedrag wat uitbetaal mag word, hetsy ingevolge 'n hofbevel of skikkingssooreenkoms nie.

Indien bydraes op datum is, sal u verseker deel vorm van die bedeling wat die beste gevolge inhou vir HSAG-lede

Die huidige vereistes is:

- Daar word met groot eise ('n gemiddelde van R250 000.00 per belegger) gewerk, en die beskerming van ons kliënte se miljarde rande se belange is van kardinale belang. Daar is dus 'n verpligting op die HSAG om seker te maak dat daar nie sonder lede se uitdruklike toestemming persone uitgesluit word van die klas-aksie nie.
- Daar is inderdaad lede wie tot dusver hul bydraes jaarliks getrou gelewer het, en danksy hulle, is die klas-aksie nog op dreef.
- Indien 'n lid wil onttrek, is die huidige vereistes is dat 'n eedsverklaring afgelê word deur die lid, ten einde te verseker dat ongewenste persone nie namens ander HSAG-lede valslik onttrek nie. Tot dusver het minder as 3% van die totale HSAG lede onttrek. 'n Kommissaris van Ede bevestig dat die persoon wie die eed aflê vertrou is met die inhoud van die verklaring en bevestig die identiteit van die persoon. Geen makelaar of ander persoon mag namens 'n HSAG-lid onttrek nie, buiten as hy/sy 'n skriftelike volmag het, welke volmag aangeheg moet word by die eedsverklaring.

Verskeie persone het egter oor jare deur hul gedrag en optrede aangedui dat hul nie behoort te deel in die suksesse en opbrengste van enige sake wat die HSAG bring nie, byvoorbeeld: die 7 applikante wat op 'n agteraf en bedrieglike wyse gepoog het om die klas-aksie te ontspoor; persone wat op die HSAG se bestuur gedien het en op 'n onregmatige wyse die HSAG en sy lede verraai het; persone wie die teenkant ondersteun het in hul opponering van die HSAG se sake; persone wie nie hul registrasie kostes betaal het nie en diegene wie nie getrou hul finansiële bydrae tot die HSAG gelewer het nie.

U word gevolglik hierby vroegtydig ingelig en meegedeel dat, indien u onder enige van bogenoemde kategorieë (en of selfs verdere kategorieë soos vorentoe gekommunikeer) mag val, dit moontlik beskou kan word as 'n outomatiese diskwalifisering van u lidmaatskap, en dat u deur die gemelde optrede en gedrag die sogenaamde "opt-out" keuse (d.i. dat u nie deel wil wees van die klas-aksie nie) uitoefen. Ten einde te verseker dat u nie binne gemelde kategorieë val nie, word u hiermee vriendelik, tog dringend, versoek om asseblief u finansiële bydraes op datum te bring.

3. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PIC-BELEGGINGS

'n Finansiële joernalis van Moneyweb het 'n reeks artikels geskryf oor die Picvest-saga.

Die gemelde artikels gee vir lesers 'n goeie agtergrond en begrip oor presies wat oor tyd gebeur het in die Picvest-saga, sedert Georgiou betrokke geraak het.

Ons gaan in die volgende paar HSAG-Nuusbriefe 'n kort en bondige opsomming gee van die artikels, maar ons wil u graag uitnoodi om die artikels, wat op die amptelike HSAG-webblad by www.hsaction.co.za verskyn, te lees.

DEEL 1 van die reeks artikels: "The peculiar case of the Picvest billions: Part 1" fokus op die 79 eiendomme wat oorspronklik aan beleggers verkoop is vir R4,6 miljard.

Die HS maatskappye dateer terug na 1998, toe PIC Investments (Picvest) suksesvol bemark is, en sowat 120 eiendomme aan beleggers gesindikeer het.

Sindikasies (HS 1 tot 14) was suksesvol en alle beleggers is ingevolge die ooreenkomste betaal vir R723 miljoen, en is in 2007 aan die prominente sakeman en eiendomsmagnaat, Mnr. Nic Georgiou van Bloemfontein, verkoop vir R892 miljoen. Georgiou en sy maatskappy Zephan, voorheen genaamd Zelphy, en ander entiteite wat met hom verband hou, sal later 'n beduidende aantal eiendomme aan die verdere sindikasies verkoop.

Tussen 2005 en 2011 bemark Picvest die HS 15 tot 22 sindikasies aan beleggers, 79 geboue vir R4 644 925 000 (dit sluit nie die bedrag van R132 miljoen in wat na bewering aan beleggers oerverkoop is nie).

Rentekoerse van tot en met 12,5% is betaal aan beleggers vir 'n minimum van vyf jaar, waarna die eiendomme veronderstel was om verkoop te word en die kapitaal aan beleggers terugbesorg moes word.

HS 21 & 22 sindikasies was effens anders as HS 15 tot 20 en bevat spesifieke terugkoop-ooreenkomste ingevolge waarvan Georgiou, of entiteite wat verwant is aan hom, die beleggers se aandele na vyf jaar moet terugkoop.

Waardasies van die eiendomme in die sindikasiestelsels was uiters hoog. Onafhanklike waardeerders van die HS 21 & 22 sindikasies, het ook hul waardasies van die eiendomme onttrek.

Baie eiendomme waar entiteite verwant aan Georgiou eiendomme in 2006 gekoop het, is in 2010 vir massiewe winste aan die HS-maatskappye verkoop.

Drie jaar later is die eiendomme verkoop aan Accelerate Property Fund Ltd ("Accelerate"), 'n maatskappy wat deur Georgiou se seun, Michael Georgiou, bestuur word.

Moneyweb het titelaktes van 27 eiendomme ontleed wat aan Accelerate verkoop is. Die totale sindikasiewaardes was R1,8 miljard, sowat R700 miljoen meer as die R1,1 miljard wat vir hierdie eiendomme betaal is.

HS 15 tot 18 se eiendomme is ingevolge die prospektusse verkry en oorgedra aan die sindikasiemaatskappye, maar dit was nie die geval vir HS 19 tot 22 nie. Ten spyte van

beleggers wat die kollektiewe R3,5 miljard-sindikasiewaarde betaal het, is die eiendomme nie na die onderskeie sindikasiemaatskappye oorgedra nie.

Bosman & Visser ("B&V") het opgetree as 'n middelman tussen Georgiou se hoof maatskappy, Zephan, en die HS-maatskappye.

Die maatskappy het die eiendomme vanaf Zephan gekoop, herstel en dan aan die HS-maatskappye teen 'n hoër prys verkoop.

Hierdie struktuur is gebruik vir een eiendom in HS 17 en al die eiendomme van HS 18 tot 22.

In 2009 het 'n beweerde geskil ontstaan tussen Zephan en B&V. Zephan het beweer dat B&V 'n bedrag van R883 miljoen kort betaal het, 'n eis wat B&V destyds geweier het. Nietemin het Zephan hierdie geskil gebruik om die oordragte van alle eiendomme aan HS 19 tot 22 op te skort, ondanks die feit dat beleggers reeds die volle koopprys betaal het.

Dit is ook onduidelik waarom Eugene Kruger, die oordragsprokureur wat die R3.5 miljard van beleggers ontvang het, die geld uit sy trustrekening vrygestel het voor die oordrag van die eiendomme.

Zephan het nooit vir B&V gedagvaar vir die R883 miljoen nie.

Bo en behalwe die kort-betaling van R883 miljoen, is die oorblywende R2,6 miljard van die totale R3,5 miljard belegging nog steeds 'n onverklaarbare raaisel.

Georgiou het nie reageer op Moneyweb se vrae wat verband hou met die dispuut en die nie-oordrag van eiendomme nie, en hy beweer in 'n beëdigde verklaring wat ter verdediging van 'n onlangse likwidasië-aansoek teen Zephan ingedien is, dat hy nooit geld direk van Kruger of die HS-maatskappye ontvang het nie.

Die HS-sprokie het in 2011 tot 'n einde gekom. In 'n poging om die situasie reg te stel, het Georgiou die 'Orthotouch-voorstel' gekonseptualiseer welke voorstel 'n voorgestelde herstrukturering van die sindikasies om likwidasië te verhoed sou bewerkstellig.

Onder dié voorstel sou al die eiendomme van die HS-maatskappye oorgedra word in 'n nuwe maatskappy genaamd Orthotouch, onder beheer van Georgiou.

Die eiendomme moes binne Orthotouch bestuur word en beleggers sou verminderde rentebetaling ontvang.

Dit het ook voorsiening gemaak vir die kansellasië van die hoofhuur- en terugkoop-ooreenkomste, waarop baie beleggers hul oorspronklike beleggingsbesluit gebaseer het - die voorstel is nie geïmplementeer nie.

Hans Klopper is aangestel as die ondernemingreddingspraktisyn (en is ook op 9 Januarie 2012 by die Orthotouch-direksie aangestel) van die HS-maatskappye, en voorsien 'n ondernemingreddingsplan (BRP) wat feitlik identies is as Georgiou se oorspronklike Orthotouch-voorstel van Desember 2011 wat nie gerealiseer het nie.

Klopper versuim ook om die geskil en die nie-oordrag van eiendomme te ondersoek, sowel as om regstappe te neem om die R3,5 miljard te verhaal.

Kyk gerus uit vir die **DEEL 2** van die reeks artikels in die volgende HSAG-Nuusbrief.

4. HUIDIGE STAND VAN SAKE

4.1 Versnelde Sertifikasie Aansoek (HS 21 & 22)

Die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 word in twee dele aangehoor, naamlik:

- Gedeelte A – Waar die HSAG suksesvol vir die Hof gevra het om 'n bevel, wat bepaal het dat Georgiou en Andere nie Opponerende verklarings hoef te liasseer nie, te wysig sodat die saak kan voortgaan.
- Gedeelte B – Waar die HSAG die Aansoek bring vir die Sertifisering van 'n klas-aksie vir HS 21&22.

Sukses in voormelde sertifisering sal ongetwyfeld ook tot voordeel van die ander HSAG lede wees, omdat 'n Hof dan 'n klas sal sertifiseer asook oor die meriete van daardie sake sal beslis wat op sy beurt weer momentum aan die HSAG en sy lede sal gee.

Die kantore van die ARP het bevestig dat die Aansoek vir Sertifisering aangehoor kan word tussen vanaf 11 tot 15 November 2019.

Sien asseblief punt 7 van die HSAG Nuusbrief wat handel oor belangrike datums. Die Kennisgewing van Mosie, asook die verklaring ter ondersteuning van die Kennisgewing van Mosie, is op die HSAG se webblad by www.hsaction.co.za geplaas en ons nooi u uit om dit deur te lees.

4.2 Beleggers met eise in HS 15 tot 20

Eise in ander HS-maatskappye is tans definitief nie verlore of in gedrang nie. Die HSAG gaan nog steeds voort met stappe ten einde die beleggers se eise af te dwing. Tydsberekening asook die ondersteuning deur al die HSAG lede is egter van kardinale belang om sukses te behaal.

Al is die partye in litigasie dieselfde, berus die eis-oorsake van HS 15 tot 20 ongelukkig breedweg op ander feite, omstandighede en regsbeginsels. Byvoorbeeld, onder andere ook bedrog en wanvoorstellings, en is die eis-oorsake van hierdie eise gevolglik anders as in die kontraktuele eise van HS 21 & 22.

Beleggers in HS 19 tot 20 se eise is reeds ingestel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek en stuit hierdie aansoek die verjaring van eise.

Tot op datum was nog nie nodig om beleggers in HS 15 tot 18 se eise in te stel deur middel van die Sertifikasie-Aansoek nie aangesien verjaring, op advies van ons advokatuur, ten aansien van HS 15 tot 18 nog nie ter sprake is nie.

Sou beleggers ingevolge die Sakereddingsplan veronderstel wees om op 15 Desember 2016 hul kapitaal te ontvang, sal verjaring op daardie eise (sonder inagneming van enige ander faktore) bloot op sigwaarde tipies eers in Desember 2019 van toepassing raak.

Die Sertifikasie-Aansoek ten aansien van HS 15 tot 18 sal derhalwe uitgereik en beteken word sodra die HSAG se advokatuur adviseer dat dieselfde gedoen word ten einde onnodige kostes te bespaar. Die HSAG beplan dus sy prioriteite fyn en werk sistematies daarvolgens.

Die HSAG is steeds van voorneme om die Art 155 Reëlinskema tersyde te stel. Ten einde die tersydestellings proses te bespoedig het die HSAG op 9 Mei 2019 'n skrywe aan Regter Weiner (die Saakbestuurder in die Hooggeregshof in Johannesburg) gestuur ten einde aanwysings te vra ten aansien van die lewering van Antwoordende Verklarings deur mnr Georgiou en Andere.

Regter Weiner tree tans op as 'n Regter van die Hoogste Hof van Appèl en word 'n aansoek eers verwag wanneer haar termyn daar afgeloop is.

Georgiou se prokureurs van rekord het na aanleiding van ons skrywe aan Regter Weiner skriftelik bevestig dat Georgiou, voor of op 30 Julie 2019 hul Antwoordende Verklaring ten opsigte van die HSAG se Aansoek vir die Tersydestelling van die Art 155 Reëlinskema sal beteken en liasseer.

Orthotouch se prokureurs het dieselfde datum aangewys.

Orthotouch is egter in terme van die Skema verplig om maandelikse rente aan HS-beleggers te betaal.

Georgiou is dus tans besig om sy eie reëlinskema te minag wat soveel te meer rede is om die Art 155 Reëlinskema tersyde te stel.

Nie-lede van die HSAG loop egter 'n risiko dat hul eise waarskynlik deur 'n verweer van verjaring begroet mag word.

4.3 Aansoek om as vriend van die Hof toe te tree in die Noormahomed Appèl Aansoek

Na konsultasie met die advokatuur van die HSAG, het die HSAG-bestuur besluit om toe te tree as vriend van die Hof in die Appèl aangeleentheid van Mev. Noormahomed.

Georgiou en Andere Appèlleer teen 'n uitspraak wat in die guns van Mev Noormahomed gegee was en wat onder andere bepaal het dat Georgiou en Andere die Terugkoopklousule (wat in HS21&22 vervat is) moet nakom.

Hierdie Terugkoopklousule het onder andere bepaal dat 'n belegger (wat in HS21&22 belê het) gewaarborg is van 100% kapitaalgroei oor 'n termyn van 5 jaar, en dat Zephan (of sy genomineerde) die aandele na die termyn sal terugkoop.

Soos te verwagte, het Zephan nie die ooreenkoms nagekom nie en is die destydse besigheidsredding en die huidige Art 155 Reëlinskema geopper as verweer.

Die Hof van eerste instansie het bogenoemde verweer verwerp.

Ingevolge die Hofreëls kan 'n party op twee wyses as vriend van die Hof toetree:

- As al die partye tot die geding toestem tot 'n derde party se toetrede;
- By wyse van 'n Hofaansoek.

Die HSAG se regsplan het aan die partye tot die litigasie 'n versoek gerig om toe te tree, maar Georgiou se prokureur het aangedui dat hulle nie toestem tot die HSAG se versoek nie. Dit het die HSAG se regsplan met geen ander keuse gelaat as om 'n Aansoek te bring nie.

Die Aansoek is reeds beteken en by die Hoogste Hof van Appèl ingedien en wag ons tans op 'n Aanwysing.

Sou die HSAG se Aansoek suksesvol wees, sal die HSAG (as 'n vriend van die Hof) 'n Hoofde van Betoog kan lewer en ook die geleentheid gegun word om die Hof toe te spreek.

Die belangrikheid en relevansie van hierdie saak vir die HSAG is dat, indien die Hof Georgiou se appèl van die hand wys, dit tot voordeel van al die HSAG-eisers in HS21&22 sal wees.

4.4 Aansoek om Tussenbeidetrede

'n Opponerende Verklaring is op 6 Junie 2019 op Van der Sandt se prokureurs van rekord beteken.

Die HSAG is van voorneme om die Van der Sandt aansoek vroeër te laat aanhoor deur die saakbestuurder, Regter Tolmay.

Die HSAG is van voorneme om Regter Tolmay, die saakbestuurder in die Hooggeregshof in Pretoria, te nader ten einde Aanwysings te vra ten aansien van die Aanhoor van Van der Sandt se Aansoek.

Indien die HSAG suksesvol sou wees met die opponering van Van der Sandt se nuutste Aansoek vir Tussenbeidetrede in die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22, sal ons vir die Hof vra om 'n bestawwende kostebevel teen haar toe te staan.

Die HSAG se Opponerende Verklaring is op die HSAG webblad en versoek ons u vriendelik om die Verklaring te lees.

5. WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN 'N KLAS EN 'N KLAS-AKSIE?

Nadat 'n Hof 'n aansoek vir die sertifisering van 'n klas toegestaan het, bestaan daar 'n erkende klas (wat bestaan uit 'n groep eisers). Die klas (Eiser) kan dan sy eise as 'n klas (en nie as individue) teen 'n Verweerder afdwing.

'n Klas (Eiser) kan sy eis op twee manier afdwing: by wyse van 'n aksie- of aansoekprosedure.

- Indien die klas (Eiser) 'n aksie instel, sal die proses as 'n klas-aksie beskryf word.
- Indien die klas (Eiser) 'n aansoek uitreik ten einde sy eise af te dwing, sal die proses beskryf word as 'n klas-aansoek.

'n Klas-aksie is dus 'n prosedurele meganisme wat eisers toelaat om 'n regsgeding namens 'n groter groep, met 'n gemeenskaplike belang in 'n saak, in te stel.

Die meganisme laat Howe toe om regsgedinge aan te hoor wat andersins onhanteerbaar sou wees, aangesien dit sou behels dat elke lid van die klas (individue wat dieselfde onreg gely het aan die hand van die Verweerder(s)) gevoeg moes word tot die regsgeding in hul persoonlike hoedanigheid as Eisers.

6. WAT GEBEUR NÁ SERTIFIKASIE VAN HS 21 & 22?

Geleelte B van die Versnelde Aansoek (waar die HSAG vra vir die sertifikasie van HS 21 & 22) is geskeduleer vir aanhoor gedurende November 2019.

Indien die HSAG suksesvol sou wees met die Aansoek, beteken dit dat daar 'n klas (vir HS 21 & 22) gesertifiseer word en dat die individuele beleggers dus as 'n klas kan voortgaan om hul eise teen Georgiou af te dwing. Die presiese vastelling van die klas en wie geregtig sal wees om te eis, gaan nou belangrik raak.

Die klas se eise word normaalweg deur middel van 'n klas-aksie ingestel wat beteken dat daar 'n Dagvaarding op Georgiou en Andere beteken moet word waarin die klas se eis uiteengesit word.

Na die betekening van die Dagvaarding is daar sekere formele prosesse wat gevolg moet word waarna die aksie sal uitloop op 'n formele verhoor.

Op advies van die HSAG se advokatuur, gaan die HSAG heel waarskynlik aansoek doen dat die klas se eise by wyse van 'n klas-aansoek afgedwing word. In beide sake waar die Regters beslis het in die guns van HS-beleggers, het die Hof dit nie nodig gevind om 'n lang hofsak te voer nie en summier die eise toegestaan.

Bogenoemde roete sal heel waarskynlik die vinnigste roete wees aangesien die HSAG se aansoek basies reeds opgestel is. By 'n aansoek is daar ook nie 'n formele verhoor nie en sal die HSAG se saak bloot op die aansoek-stukke bereg word.

Die "normale" proses ten aansien van 'n aansoek-prosedure sal daarna gevolg word, naamlik:

- Die HSAG (Applikante) beteken 'n Aansoek op Georgiou en Andere (Respondente) waarin daar kennis gegee word dat die Applikante van voorneme is om op 'n sekere datum 'n Aansoek te bring;

- Indien daar geen opponering is nie, sal die Aansoek op die ongeopponeerde Hofrol geplaas word en aangehoor word waarna die Aansoek toegestaan sal word indien die Regter tevrede is;
- Indien enige van die Respondente die Aansoek wil opponeer, moet daardie Respondente binne 'n sekere tyd kennis gee van hul voorneme om die Aansoek te opponeer;
- Sodra die Applikante die Kennisgewing van Verneme om te Opponeer vanaf die Respondente ontvang, word die Aansoek vanaf die ongeopponeerde Hofrol verwyder.
- Die Respondente wat die Aansoek opponeer moet binne 15 Hofdae (nadat 'n Kennisgewing van Verdediging beteken is) Opponerende Verklaring(s) beteken en liasseer;
- Die Applikante het daarna die geleentheid om 'n Repliserende Verklaring, in antwoord op die Respondente se Opponerende Verklaring, te beteken en te liasseer;
- Daarna moet die Applikante hul Hoofde van Betoog beteken en liasseer waarna die Respondente se Hoofde van Betoë beteken en geliasseer moet word;
- Nadat alle Verklarings en Hoofde van Betoë beteken en geliasseer is, kan die Applikante die Aansoek plaas vir aanhoor.
- Beleggers moet steeds die volgende in gedagte hou:
- By beide 'n klas-aksie en 'n klas-aansoek is daar sekere voorgeskrewe wetlike vereistes en reëls met tydperke wat nagekom moet word (waaroor die HSAG-regspan nie beheer het nie);
- Enige party kan (indien hy/sy onsuksesvol is in 'n Hofgeding) appèlleer teen 'n uitspraak wat gegee is.

7. BELANGRIKE DATUMS

- **30 Junie 2019** - Georgiou moet sy Opponerende Verklaring ten aansien van die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22 beteken en liasseer (Pretoria);
- **30 Julie 2019** - Georgiou se prokureurs het onderneem om sy Opponerende Verklaring ten aansien van die HSAG se Aansoek vir Tersydestelling te beteken en te liasseer (Johannesburg);
- **31 Julie 2019** - Die HSAG moet 'n Repliserende Verklaring in antwoord op Georgiou se Opponerende Verklaring beteken en liasseer (Pretoria);
- **15 Augustus 2019** - Georgiou se prokureurs van rekord moet hul Hoofde van Betoog beteken en liasseer (Pretoria);
- **15 September 2019** - Die HSAG se prokureurs van rekord moet hul Hoofde van Betoog beteken en liasseer (Pretoria);
- **11 – 15 November 2019** – Aanhoor van Gedeelte B van die Aansoek vir Sertifisering van HS 21 & 22.

8. OPVRAGING VIR BYDRAE TOT REGS- EN ADMINISTRASIEKOSTE – 2019

Die jaarlikse bydrae tot regs- en administrasiekoste wat gehef word bly sedert 2017 onveranderd in 'n bedrag van R2 000.00 per persoon ongeag die hoeveelheid sindikasies waarin 'n persoon belê het. Daarby is daar sedert 2016 kwytskeldings vir beleggers met kleiner eise.

Die jaarlikse bedrag het, nieteenstaande die geweldige prysstygings die afgelope drie jaar, onveranderd gebly. Die HSAG en sy regsverteenwoordigers doen alles in hul vermoë om die saak so bekostigbaar moontlik te doen. Indien BTW, bankkoste en ander kostes afgetrek word, is die netto bedrag wat beskikbaar is veel minder en is die gemoedsrus waarvoor die HSAG beleggers betaal om te veg vir 100% van hul eise, plus rente, uiteindelik minder as R5 per dag. Die gemiddelde eise per persoon beloop ongeveer R250 000.

Die HSAG oorweeg deurgaans watter graad van regsverteenwoordiging bekom moet word in die Hofsake aanverwant. Elke geval moet op sy eie meriete beoordeel word en sal die eerste prys altyd wees om die beste moontlike verteenwoordiging by die hoof te kan hê. Die HSAG benodig die dienste van 'n senior advokaat by die eerskomende sertifisering-aansoek.

Ons versoek u dus vriendelik om so spoedig as moontlik toe te sien dat u bydrae tot regs-en administrasiekoste op datum gebring en/of betaal word, word ten einde die bes moontlike regsverteenwoordiging vir die HSAG sake te verseker.

9. ALGEMENE BOEDEL NAVRAE

Indien u algemene boedelnavrae het met betrekking tot boedels en die eise van HSAG-lede, is u welkom om 'n e-pos te stuur na hsagestates@gmail.com waarna die HSAG u sal bystaan.

10. OPSKORTING VAN HSAG-LIDMAATSKAP

Die status van HSAG-lede se lidmaatskap gaan vorentoe 'n baie belangrike rol speel in die litigasie wat gaan volg.

HSAG lede wat volop betaal is (of wat getrou hul agterstallige regs- en administrasiekostes maandeliks afbetaal) is dit eens dat die HSAG nie meer HSAG-lede moet akkommodeer wat nie hul kant finansiëel bring nie.

Dit is onregverdig dat opbetaalde HSAG-lede die klas-aksie se litigasiekostes namens ander moet dra terwyl nie-betalende lede steeds die beskerming van die HSAG geniet.

Tydens 'n vorige vergadering het die HSAG-bestuur besluit dat HSAG-lede wie nie hul **2014 / 2015 registrasiekoste** vóór of op **31 Desember 2018** op datum bring nie, se lidmaatskap aan die HSAG opgeskort gaan word.

Die gevolge van hierdie opskorting is verreikend:

- Lede wie se lidmaatskap opgeskort is, sal nie meer geregtig wees op enige voordele van die HSAG se suksesse nie en sal ook nie deel vorm van enige toekomstige skikkings wat met die teenkant beklank mag word nie;

- Dit beteken ook ondermeer dat daardie HSAG-belegger se eis teen Orthotouch/ Mnr. Georgiou straks verjaar het. In die huidige bedeling van die klas-aksie aansoek kan dit ook beteken dat diegene wie se lidmaatskap opgeskort is, nie weer sal deel vorm van die HSAG klas-aksie nie en is dit ook moontlik dat hul van die HSAG se databasis en e-pos adreslys verwyder word.

Indien enigeen wat in hierdie kategorie val sy lidmaatskap wil behou, moet hulle dringend met die HSAG by hsagregister@gmail.com in verbinding tree.

LET WEL:

- Lede wie op die e-poslys is, kan spesiaal versoek dat hul name behou word en hul agterstallige betalings op datum bring.
- Die blote feit dat 'n persoon 'n e-pos ontvang, beteken egter nie dat hy/sy sonder meer kwalifiseer om deel te wees van die HSAG klas-aksie nie. Maak dus seker dat u bydraes opbetaal is.

11. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG lede se voorletters en van, sindikasionommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.)) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- hsagenquiries@gmail.com vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- hsagregister@gmail.com vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- hsagwhistle@gmail.com vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- hsagestates@gmail.com vir alle Boedel navrae.

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie.

Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

12. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE

Dit is 'n groot uitdaging om spoedige kennisgewings, nuusbrokkies of belangrike boodskappe aan bykans 7 000 individue oor te dra.

Ons versoek dus HSAG-lede om aan te sluit by die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe om kennisgewings, nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te kan ontvang.

Deur by een van die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe aan te sluit sal u gereeld op hoogte gehou word van die nuutste verwickelinge met betrekking tot u saak.

Stuur bloot u Selfoonnommer; Identiteitsnommer; Volle Naam en Van, na hsactiongroup@gmail.com waarna u op die groepe gelaai sal word.

Direkte kontak kan ook gemaak word met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by www.facebook.com/hsaction besigtig, ge-“like” en kommentaar op gelewer word.

13. SPESIALE OPVRAGING: HS 21 & 22

Die HSAG-regspan het gedurende Junie 2018 'n Aansoek vir Sertifisering uitgereik ten opsigte van HS 21 & 22.

'n Geweldige hoeveelheid werk en voorbereiding het die uitreiking van die Aansoek voorafgegaan en het die HSAG-bestuur gevolglik besluit om 'n spesiale opvraging ten aansien van HS 21 & 22 in November 2018 te doen.

Gedeelte A van die Aansoek is op 29 April 2019 suksesvol afgehandel. Gedeelte B, wat die Sertifisering van 'n klas ten aansien van HS 21 & 22 behels, word tussen 11 en 15 November 2019 aangehoor in die Hooggeregshof, Pretoria.

Daar is 'n groot aantal HS 21 & 22 beleggers wat nog nie hulle kant ten aansien van kostes gebring het nie, wat die voortsetting van die Aansoek vir Sertifisering bemoeilik.

Die HSAG doen dus 'n ernstige beroep op elke HS 21 & 22 belegger om sy/haar kant finansiëel te bring ten einde die Sertifisering moontlik te maak.

Die HSAG se saak behoort aan elke HSAG-lid. Dit is die finansiële ondersteuning van die HSAG-lede wat die voortsetting van die litigasie en die volgehoue regsverteenvoording moontlik te maak.

14. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Ignoreer asseblief hierdie punt indien u registrasie- en regskostes reeds ten volle vereffen is.

Dit is van uiterste belang dat enige uitstaande registrasie- en regskostes, waarvan sommige só lank gelede as 2014 reeds uitstaande is, so spoedig moontlik op datum gebring moet word. Bykans vier jaar sedert die totstandkoming van die HSAG is dit uiters onbillik teenoor getroue lede van die HSAG dat persone wie regsverteenvoording verlang in 'n saak waar die gemiddelde eisbedrag

R250 000.00 is, nie bereid of gewillig is om die nominale bydrae vir registrasie en/of regs-kostes te betaal nie.

Let asseblief op die volgende:

- i. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 500 per sindikasie word gehef en behoort so op u staat te verskyn
- ii. Vanaf 2016 was regs-koste van R1 000 per sindikasie aangevra;
- iii. Vanaf Mei 2017 was 'n verdere jaarlikse opvraging vir bydraes tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon per jaar gemaak;
- iv. In November/Desember 2018 was 'n spesiale opvraging tot regs- en administrasiekoste vir HSAG-lede in HS 21 & 22 van R500 per persoon gemaak;
- v. Lede wie se registrasiekostes steeds agterstallig is, loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG sonder verdere kennisgewing opgeskort word;
- vi. Vanaf einde Februarie 2019 word persone wie se totale eiswaarde R60 000,00 of minder beloop, deur middel van 'n vooraf skriftelike versoek aan die HSAG se prokureurs (hsagenquiries@gmail.com), kwytsgekeld van die 2019 administratiewe- en regs-kostes, mits hul bydraes op datum is.
- vii. Kwytskelding geskied jaarliks en is nie van toepassing nie op vorige jare se registrasie / administrasie / regs-kostes / agterstallige fooie en die spesiale opvraging vir HS 21 & 22 lede en is steeds betaalbaar.
- viii. Geen registrasie, administratiewe of regsfooie is terugbetaalbaar nie.

Die HSAG geniet die beskerming van 'n regs-span wat bestaan uit prokureurs, junior en senior advokate wat reeds 'n lang pad saam gestap het om voornemende eisers onder die sambreel van die HSAG te beskerm. In die lig van die feit dat die HSAG nou voortgaan met die sertifisering van 'n klas-aksie en die proses wat nou gevolg gaan word ten einde die Art 155-Reëlinskema tersyde te stel, versoek ons dat al die HSAG-lede hul kant te bring ten einde die aangeleenthede suksesvol af te handel. Almal se samewerking word vereis.

15. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Die HSAG en hul prokureurs, Theron & Vennote, wil u graag bedank vir u volgehoue en lojale ondersteuning aan die HSAG. Die HSAG-saak behoort aan elke individuele belegger, daarom wil ons u versoek om u eie saak te ondersteun ten einde die nagenoeg R4.6 miljard van Orthotouch en andere te eis.

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG, let asseblief op die volgende:

- i. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn;
- ii. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm

af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by hsagregister@gmail.com

- iii. Die HSAG-beleggers se inligting wat gebruik word was aanvanklik verkry vanaf die aansoekvorms wat HSAG-lede ingevul het. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie
- iv. Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte te hou van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede deur in te skakel of om 'n e-pos te stuur na hsagregister@gmail.com
- v. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat.
- vi. Klik asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, reghoofskostes en u betalings kan sien, geoutomatiseerde state word van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende 'n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com

AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: JUNE 2019

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

This email is confidential and is exclusively meant for the addressee. If you have received it in error/ wrongly, please notify the sender immediately at hsagenquiries@gmail.com and delete it. You may not copy, disclose or deliver any email received in error or any part of it to anyone else. HSAG’s webmaster uses antivirus software to prevent viruses and other malicious code. However, such software cannot prevent or eradicate all such code. The HSAG or its representatives will not be liable for any loss, harm or damage whatsoever arising from receipt or use of this email or otherwise, whether arising through negligence of the HSAG, its members, steering committee, and agents or otherwise.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details rests on you as HSAG member.

HSAG OFFICIAL NEWSLETTER – JUNE 2019 CONTENTS:

1. INTRODUCTION
2. TO BE OR NOT TO BE?
3. WHAT THE MEDIA REPORTS ON PIC-INVESTMENTS
4. CURRENT STATE OF AFFAIRS:
 - 4.1 Fast-Track Application (HS 21 & 22)
 - 4.2 Investors with claims in HS 15 tot 20
 - 4.3 Application to Intervene as a friend of the Court (*amicus curiae*) in the Noormahomed Appeal Application
 - 4.4 Application to Intervene
